# Les 7 DIE HERE MAAK ONS HEILIG, SONDER SMET EN ONBERISPELIK

## 1. Hersiening

Kernvers: Ons gaan weer kyk na Kolossense 1 vers 22 *"22Maar nou het Hy ook julle met Homself versoen deurdat sy Seun as mens gesterwe het om julle heilig, sonder smet en onberispelik voor Hom te stel."*

Ons het verlede keer gesien die Here Jesus is heilig, sonder smet en onberispelik. Ons het gesien Jesus se lewe is soos nuwe klere.

- Sy lewe is heilig. Dit beteken Jesus se lewe is so skoon en heel soos nuwe klere. Sy lewe is nie dof en stukkend soos ou klere nie.
- Sy lewe is sonder smet. Dit beteken Jesus se lewe het nie kolle en vlekke op wat wys wat Hy verkeerd gedoen het nie. Net soos skoon, nuwe klere sonder enige kolle en vlekke is wat wys hoe verkeerd kinders geëet en gespeel het.
- Sy lewe is onberispelik. Dit beteken Jesus se lewe wys niks wat verkeerd is nie, net soos gestrykte klere niks kreukels wys nie.

## 2. Die Here stel ons heilig, sonder smet en onberispelik

Kom ons kyk weer na die Kolossense 1 vers 22: *"22Maar nou het Hy ook julle met Homself versoen deurdat sy Seun as mens gesterwe het om julle heilig, sonder smet en onberispelik voor Hom te stel."*

Hierdie vers sê Jesus doen iets met ons. Jesus stel óns voor God die Vader heilig, sonder smet en onberispelik. Dit beteken Jesus maak dat ons ook, net soos Hy, heilig, sonder smet en onberispelik is.

Het iemand dit al ooit vir julle vertel?

Julle is voor God heilig. Julle is voor God sonder smet. Julle is voor God onberispelik. As Jesus iets doen, doen Hy dit goed, of doen Hy dit sleg? Hy doen alles goed. As Jesus is iets doen, gebeur dit regtig, of is dit sommer speel-speel? Hy doen dit regtig. Dit is regtig wat Jesus met julle doen. Hy maak julle heilig, sonder smet en onberispelik voor God. Dit is régtig só omdat Jesus ons so maak.

## 3. Ons staan nuut, skoon en sonder kreukels voor God

Julle staan voor God net soos wat Jesus voor God staan. Voor God is julle, en julle lewe, altyd nuut en heel. Voor God is julle, en julle lewe, altyd skoon en sonder lelike goed. Voor God is julle, en julle lewe, altyd sonder foute; is julle, en julle lewe, vir God altyd reg.

Dit is net soos met klere. Voor God staan julle altyd soos met nuwe, blink, skoon en glad gestrykte klere. Sonder enige skeure, kolle of kreukels.

**4. Jesus sluit ons by Homself in**

Onthou julle nog die les wat daaroor gegaan het dat die Here vandag saam met ons mens is? Daar het ons gesien dat die Here ook vandag in die hemel ’n mens net soos ons is, terwyl Hy God hier by ons is. Dit is soos met pa’s en ma’s. Hulle is ook nog die seuntjie of dogtertjie diep binne-in hulleself, wat hulle was toe hulle klein was. Daarom is ouers saam met hulle kinders kinders. Hulle weet hoe dit is om kinders te wees.

Net so is die Here ook vandag mens saam met ons, diep binne-in Homself. En daarom deel ons alles met Jesus, op twee maniere: die deler is so goed soos die steler. Dit beteken die Here deel al ons sondes met ons. Maar ons deel ook weer met Jesus alles wat Hy as mens is.

En dit is die groot geheim hoe ons vandag heilig, sonder smet en onberispelik voor God is. Die Here sluit ons by Homself in, diep in Homself waar Hy saam met ons mens is, en deel alles met ons.

**5. Dis soos stik, was en stryk**

As julle in die oggend skool toe gaan, hoe lyk julle klere? Dis heel, sonder enige stukkende plekke. Dis skoon, sonder enige vuil kolle. Dis glad, sonder enige kreukels! En as julle die middag by die huis kom, hoe lyk dit dan? Dan is dit baie keer stukkend. Dis vol kolle. Dis gekreukel.

En as julle die volgende oggend skool toe gaan. Hoe lyk julle klere dan? Dan is dit weer heel, skoon en glad. Hoekom? Hoe kan dit só werk dat julle julle klere altyd stukkend maak, vuil maak en kreukel, maar elke oggend is julle klere heel, skoon en glad?

Want ma stik, was en stryk dit altyd. Met naald en gare stik sy al die stukkende plekke heel. Met wasseep was sy al die kolle weg, en met ’n strykyster stryk sy al die kreukels weg.

En daarom gebeur hierdie snaakse ding met kinders: hulle maak altyd hulle klere stukkend, vuil en gekreukel, maar hulle gaan elke oggend weer met heel, skoon en gladde klere skool toe. Want – ma stik, was en stryk altyd. Ma is die geheim hoekom kinders altyd so mooi en netjies lyk.

En só maak die Here met ons. Hy is barmhartig. Hy wil nie hê ons moet skaam wees oor hoe ons voor die Here staan nie. Hy wil nie hê ons moet skaam wees oor al Sy

gebooie wat ons breek nie. Oor al die skandes wat ons maak en ons naam mee slegmaak nie. Oor al die verkeerde dinge wat ons doen nie. Die Here is barmhartig. Hy wil hê ons moet trots wees om kinders van die Here te wees. En daarom maak die Here net soos ma's maak: die Here stik, was en stryk ons sonde elke dag weg.

**6. Syne is myne en myne is Syne**

Wat doen die Here met Sy heiligheid? Hy gebruik dit soos naald en gare. Die Here vat Sy heiligheid soos naald en gare en maak alles wat ons met sonde stukkend maak, heel. Hy maak ons onheiligheid weer heiligheid. Daarom is ons heilig. Want die Here gebruik Sy heiligheid soos gare en maak dit deel van al die skeure en haakplekke in ons lewe. So maak Hy alles wat ons met sonde breek, heel. Daarom is ons heilig. Die Here gebruik Sy heiligheid soos naald en gare en maak alles in ons lewe wat sonde skeur, vir God heel.

Wat doen die Here met Sy smetloosheid. Hy gebruik dit soos seep. Hy vat Sy smetloosheid en was ons daarmee. Daarom is julle regtig voor die Here sonder smet. Want die Here se smetloosheid werk regtig soos waspoeier. Dit was al die slegte name en skandes wat ons met ons sondes maak, voor die Here weg.

Wat doen die Here met Sy onberispelikheid? Hy gebruik dit soos 'n strykyster. Met Sy onberispelikheid stryk Hy al ons foute voor God weg. Daarom is ons regtig voor die Here sonder foute. Want Jesus stryk regtig baie goed. Sy onberispelikheid is só goed dat dit ál ons foute, elke keer en vir altyd voor God wegstryk.

**7. Opsomming**

Hoe gaan julle elke oggend skool toe? Nuut, heel, skoon en glad. Al maak julle julle klere altyd stukkend, vuil en gekreukel. Want julle het 'n ma was altyd stik, was en stryk. Ons het die Here Jesus wat altyd al ons sondes heelmaak, wegwas en wegstryk. Daarom is ons regtig voor God heilig, sonder smet en onberispelik.

Gaan gesels met Pa of Ma of enige grootmens, en vertel vir hulle julle is heilig, sonder smet en onberispelik voor God. En dan vertel julle hoekom is dit só! Want Jesus stik ons sondes altyd met Sy heiligheid soos met naald en gare toe, Jesus was ons met Sy smetloosheid soos waspoeier en Jesus stryk ons sondes weg met Sy onberispelikheid, net soos met 'n strykyster.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het

___________________________________Handtekening: ouer of voog